# BOTSWANA UITREIK

Die tyd spoed verby en ons is alweer aan die reël vir ons derde Botswana uitreik. Binnekort gaan ons weer droë perskes en rosyne begin verkoop om die uitreik te befonds.

Ons kamp by Jannie en Heather Strumphe op die Plaas Cornwall, so 45km vanaf die grenspos by Bray. Ons is dan ongeveer 25km vanaf Werda waar ons weer saam met die Dutch Reformed Church in Botswana se plaaslike gemeente uitreik.

Ons moet weer 'n nuwe span bymekaar kry hierdie jaar, en daar is plek vir nuwe mense om saam te gaan. Ons probeer 'n balans handhaaf tussen hoërskool leerders en volwassenes op die span. Laasjaar was ons 14 tieners en 10 volwassenes. Ons soek volwassenes wat met hul eie voertuig kan kom, 'n dubbelkajuit , nutsvoertuig, of groter passasiersvoertuig. Daar is vanaf Tosca na Bray 'n redelike rowwerige stuk grondpad, en vanaf die plaas elke dag na Werda is daar 'n breë grondpad. Dit hoef egter nie 4x4 voertuie te wees nie. Ons moet wel plek hê vir persone en goedere.
NB: Die voertuig word op die persoon se eie risiko saamgeneem, maar die brandstofkoste en doeane kostes word deur die uitreikfinansies gedek.

Kostes: Ons wil graag R400 per persoon vra om ons oorblykostes te dek. Indien enige iemand egter 'n probleem het daarmee, betaal ons dit graag. Ons wil nie hê finansies moet enige iemand verhinder om saam te kom nie.

Kinders onder 18, dit is nou hoërskoolkinders, moet so gou moontlik aansoek doen by Binnelandse sake vir 'n "unabridged birth certificate." Dit kan 'n geruime tyd neem om dit te kry, en daarsonder kan ons nie iemand deur 'n grenspos kry nie. Ons het almal geldige paspoorte nodig, maar nie visums nie.

Bid daaroor en laat vir my sou gou moontlik weet as jy wil saamkom, of net verdere inligting verlang.

Robert
044-6912244
robmar@cybersmart.co.za





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 12 Maart 2017**

*"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." (Matteus 5:16)*

## VANDAG: 3de LYDENSONDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeente-ontwikkeling.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 ontmoet ds Danie 10:00 in die kerk se konsistorie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG



**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (ds Robert ). Geen Kinderkerk, maar wel Kinderoomblik in die erediens.

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Straatwerk.

**KATEGESE:** Geen a.g.v. langnaweek vir skole.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 Santos 2, Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00, Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.
**Woensdag:** Biduur om 15:30 by Santos Haven 1 (ds Danie).
**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.

**BANKBESONDERHEDE**
*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Maart is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontant-bydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Bybelgenootskap was R2 307-30.

**KRUISPA✞:** Vanaand vir Hoërskool-jeug van 18:00-20:00 in die saal. Kom kuier saam en gesels oor dinge wat saak maak.

**ALPHAKURSUS:** Vanaand 17:00-19:00.

**HERFSDANKFEES:** Baie dankie vir 'n heerlike saamwerk en saamkuier! Dit was voorwaar 'n fees! Dankie veral vir groot bydraes en harde werk.

**WYKSVERSORGERS:** Van Streek A kom weer in die saal saam vir gesels en onderlinge bemoediging (ongeveer 45 minute). Daar is twee geleenthede: Maandag 10:30 en Maandag 18:00.

**HUISVESTING:** Een van ons lidmate (dame) wat net 'n maatskaplike toelaag ontvang, benodig dringend blyplek vanaf 1 April. Skakel die kantoor of ds André.

**REKENAAR:** Ons benodig lidmate wat bereid is om Sondae (elke 6de week) by die rekenaar te help. Kontak ds André of die kantoor.

**VLEISTAFEL:** BAIE dankie! Ons is "oorweldig" deur die donasies en al die gewillige en vlytige hande met die verwerking van die 4 beeste en volstruisvleis. 'n Spesiale dank aan die Bothmas wat hul kundigheid, resep, toerusting, koelgeriewe en tyd gee.









# GEBEDSBULLETIN

**Maart se tema: DIE KERK**


***Die Here Jesus het nooit 'n boek geskryf of selfs 'n kerk gestig nie. Hy het 'n gemeenskap van gelowiges gevorm.***

**Hierdie week se DANKIES:**

* Loof die Here vir die kerk wat ons mekaar se broers en susters maak.
* Loof die Here vir 500 se leef uit genade (Martin Luther en Hervorming in 1517).
* "Daar is baie dinge wat 'n mens alleen kan doen. Om te glo, is nie een van daardie dinge nie." Dank die Here vir die mense saam met wie jy glo.
* Loof Hom vir die geseënde Herfsbasaar en almal se offers.
* Dank Hom vir dele van die land (ook Namibië) wat goeie reën gehad het.

**Hierdie week se ASSEBLIEFS:**

* #Imagine se byeenkoms van 17-20 Maart 2017 op Bredasdorp. Bid vir seën op die byeenkoms én vir die nodige fondse.
* Die Wes- en Oos-Kaap waar die droogte kritieke omvang aanneem.
* Mense wat leef met emosies van woede, haat, wrewel en bitterheid (selfs teenoor die kerk).
* Genesing vir ons land - beplande landwye gebedsaksie vir 22 April.
* Die Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (deuroffers). Die roeping van NGGO is om saam, as familie van missionale kerke, by God se sending in die wêreld betrokke te wees deur nuwe geloofsgemeenskappe te ontwikkel.
* Die uitbetaling van staatstoelae op 1 April (SASSA).




**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Daan Thomas Maroelastr, Erika Krause De Bosse, Johan Bester Heidepark, Babs le Roux Santos Haven, James Campbell Santos Haven, Mercia van Deventer Santos Haven, Pieter Kempen Boggomsbaai, Sophie Honiball Vleesbaai, Tommy Honiball Vleesbaai, Jeanette Aylward Boggomsbaai, Johan Meyer 12de Laan, Francois du Toit 21ste Laan, Tokkie Marx Fijnboschpark, Elise Gildenhuys Hofmeyrstr, Hessie Botha Kenani, Hannes Theron Edgar Furnesstr, Cora Schlechter Tienie Bothastr.